## VOORWOORD

Besinning oor die metodologie binne 'n bepaalde vakdissipline is 'n noodsaaklike en belangrike faset van die beoefening van enige wetenskaplike dissipline. Veral binne die Nuwe-Testamentiese wetenskap het dit in die laaste tyd besondere klem gekry - hoofsaaklik vanweë die bydrae wat vanuit ander dissiplines tot die ontwikkeling van die metodologie in hierdie vak gelewer is. So byvoorbeeld is die debat oor die bydrae van die strukturele taalkunde tot die verklaring van die Nuwe Testament nog lank nie afgehandel nie. Besinning daaroor en oor die metodes wat daaruit voortgevloei het, is steeds aktueel binne die huidige konteks van die Nuwe-Testamentiese wetenskap in Suid-Afrika.

Die redaksie van **Koers** het 'n reeks artikels ontvang oor metodologie in die Nuwe-Testamentiese wetenskap en het besluit om al vyf artikels gesamentlik in een uitgawe te publiseer.

Die titels van die artikels is die volgende:

1. Die gereformeerde Skrifbeskouing en moderne metodes van verklaring van die Nuwe Testament (J. Botha).

2. "Literêre analise van die Nuwe Testament" (J. Swanepoel).

3. 'n Hamer, 'n saag en 'n skroewedraaier - oor metodes van ontleding van die teks van die Griekse Nuwe Testament (J. Botha).

4. Stilistiese analise van Nuwe-Testamentiese tekste (L. Floor).

5. 'n Kritiese beskouing van die Suid-Afrikaanse Diskoersanalise (G.J.C. Jordaan).

Die rasionaal agter die volgorde van die artikels is die volgende: In die eerste drie artikels word verskillende kontekste vir die metodologiese diskussie aan die orde gestel, te wete die teologiese konteks, die wetenskapsfilosofiese en literêre konteks en die historiese konteks. In

die derde artikel word, benewens die historiese oorsig, ook 'n vergelyking van vier metodes van teksanalise van die Griekse Nuwe Testament gemaak. In die vierde artikel kom stilistiese analise van die Nuwe Testament aan die orde en in die laaste artikel word een van die vier metodes wat in artikel drie behandel is, te wete die Suid-Afrikaanse diskoersanalise, krities beskou.

Die artikels word gepubliseer as 'n bydrae tot die noodsaaklike metodologiese besinning binne die Nuwe-Testamentiese wetenskap wat tans so ernstig die aandag van Nuwe Testamentici geniet.

Die volgende skrywers het meegewerk:

- Mnr J. Botha, Lektor in die Departement Grieks aan die PU vir CHO.

- Mnr J. Swanepoel, Lektor in die Departement Latyn aan die PU vir CHO.

- Prof L. Floor, Professor in die Departement Nuwe Testamentiese Vakke aan die PU vir CHO.

- Dr. G.J.C. Jordaan, Predikant van die Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark-Oos en voormalige hoof van die Departement Grieks aan die PU vir CHO.

Ons dank aan prof. H.J.B. Combrink (Universiteit van Stellenbosch) en dr. S.J.P.K. Riekert (Universiteit van die Oranje-Vrystaat) wat die manuskrip krities deurgewerk en waardevolle aanbevelings gemaak het.